# Dienelkander

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

# 9 Oktober 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds Pieter van der Walt**

**Tema: Die enigheid en die uniekheid van God**

Die sonde waaraan die volk van die Here hulle skuldig gemaak het en wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle in ballingskap weggevoer is, was afgodsdiens. In die plek van die enige ware God het hulle afgodsbeelde gemaak en hulle aanbid.

Na die ballingskap en toe die volk op die punt is om terug te keer na hulle land word hulle deur Jesaja onderrig dat hulle God enig en uniek is en dat daar gevolglik geen plek vir afgodsdiens mag wees nie. Op verskillende maniere bring Jesaja dit by hulle tuis.

Watter plek neem God in jou lewe in?

**Lofsang voor die erediens**
Lied 168:1, 2, 3; Lied 159:1, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 92-1:1, 6 (Tweede melodie); Votum; Groetseën; Sing Ps 89-1:1, 3; Geloofsbelydenis (12 Artikels); Sing Sb 1-4:1, 2, 3, 4

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wetlesing (Eksodus 20); Sing Ps 119-1:1, 11 (Tweede melodie) as antwoord op die wet; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in die geloof**
Skriflesing: Jesaja 44:6,10-18; Jesaja 40:12-18;25-26,28-31 en Jesaja 44:6-8
Teksverse: Jesaja 40:28(a); Jesaja 44:6; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb 12-3:1, 2; Wegstuurseën; Amenlied:
Sb 13-2.

**AANDDIENS:** Prof Ferdi Kruger

**Tema:** Die verwagting van die opgestane en teenwoordige Christus maak harte brandend sodat ons Hom kan sien en herken

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 184: 1-4; Votum; Seën; Loflied: Sb 1-2: 1-3; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Lukas 24:13-35,
Fokusverse:vers 16 en 31-32
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe by die deure; Sing:
Sb 15-1: 1-4; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks – Zapper betaal-metode beskikbaar) en Emeritusfonds (Klein boks).

## Oktober 2022



**Ons bid saam en dank U saam:**

*2 Kor 4:16-17 " Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en ewig bly."*

- Baie dankie vir die kinderfees wat gehou kon word, wees asb die na-prediker in elke kind, jongmens en ouerhart.
- Dankie vir elkeen wat baie hard gewerk het om dit 'n sukses te kon maak! Mag U Naam geloof en geprys word daarvoor!
- Dankie vir 'n nuwe skoolkwartaal en ons bid saam vir elke kind, kategeet en ouer vir saamleer uit die Woord van God.

Ons bid vir gelowiges en ongelowiges oor grense heen hierdie maand –

- Nigerië en sy inwoners: Volgens Geopende Deure word 'n Christen in hierdie land elke 2 ure vermoor vir sy/haar geloof! Dit is 372 Christene per maand! Here, wil U asb U kinders bewaar in die moeilikste omstandighede denkbaar en mag die bose se werkinge ingeperk word!
- Ons bid vir U kinders in die Midde-Ooste wat deur moslem ekstremiste o.a. ISIS vervolg en vermoor word. Bid vir elke kind van U in Sirië en Iraq. Bid vir hulle wat mense in nood bystaan en bemoedig! Bid saam vir bewaring te midde van hierdie onmenslike omstandighede!
- Bid saam vir hulle wat treur in Thailand. Slegs 'n klein persentasie is Christene, maar mag hierdie treurspel ook geleenthede oopmaak om die goeie nuus te mag deel vir verlore mense.

Gaan "like" Open Doors South Africa op facebook en teken in op hul nuusbriewe en bid saam vir ons boeties en sussies in vervolgde lande.

***2 Pet. 3:9 " Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."***

---

*As U wil deel word van die gebedsgroep kontak asb. vir my? (Elsie -072 449 1982).*

## MEELEWING

- Douw Kruger is weer in Medikliniek opgeneem vir verdere toetse.
- Rita Kleynhans is in Medikliniek opgeneem vir behandeling.
- Linda Botha het ‘n knievervangingoperasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Andries Coetzee se begrafnis was gister hier in ons kerkgebou en ons bid vir sr Driekie en haar familie die troos van die Here toe.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## BAIE GELUK!

Baie geluk aan Dawie en Cindy du Plessis met die verkiesing van AJ as hoofseun by LS Proteapark. AJ,ons is trots op jou.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie, sap en kuier
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
18:00 Aanddiens

**Maandag**
17:00 Diakonie: Dagbestuur
18:00 Kersmark

**Dinsdag**
Skole open
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
09:30 “Griefshare”
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11
18:00 Sustersbestuur

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie gr 9
18:00 Katkisasie gr 10

**Donderdag**
17:00 Daar begin ‘n nuwe siklus van ons “Griefshare”-rouverwerkingbediening Donderdagmiddag. Almal is welkom - ook persone van buite die gemeente.

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en Emeritusfonds (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 30 en 31.

## KINDERFEES : BAIE DANKIE!

Ons dank die Here vir ‘n baie suksesvolle Kinderfees wat ons die afgelope week kon aanbied. Ons het daagliks ongeveer 65 kinders van Gr 1 - Gr 7 hier ontvang en met die Woord en die liefde van die Here kon bedien. Die terugvoer wat ons van ouers ontvang het, was baie positief. Die kinders het dit geniet en het geestelik gegroei.

Baie dankie aan die Kinderfeesspan onder leiding van Engela van der Walt wat regtig baie hard gewerk het. Sewe lede van die span is mense van buite die gemeente wat vrywillig kom help het en waarvoor ons baie dankbaar is.

Dankie aan die Belydenisklas-katkisante wat hulle uitstekend van hulle taak as groepleiers gekwyt het. Dankie aan die Susters wat vir die verversing gesorg het en wat daagliks daar kom werk het om na ons behoeftes om te sien.

Ons bid die Here dat die saad van die Woord wat ons gesaai het deur Hom geseën sal word en dat die liefde van die Here wat hierdie week geleef is, hierdie kinders en gesinne nader aan Hom sal bring.

## KERSMARK RESTOURANT VOORBEREIDINGS

Liewe susters en broeders,

Julle hulp word benodig:
Die gewildheid van ons restourant tydens die Kersmark bring lekker uitdagings na vore, bv. om te sorg dat ons genoeg voorraad per dag het en dat alles glad verloop. Ons het aan ‘n plan gedink om dit vir almal makliker te maak en nie te veel druk tydens die Kersmark op ons gemeentelede te plaas nie.

Ons beplan om die drie Saterdag-oggende (5, 12 en 19 Nov) voor die mark begin, te gebruik om die voorbereidingswerk te doen. Daar moet maalvleis, hoender en kerriemaalvleis gaargemaak, verpak en gevries word. Ons doen ‘n beroep op julle om asseblief julle hulp aan te bied. Kom ons maak die werk ligter - ook met jou hande! Al kan jy net een Saterdag help, sal dit wonderlik wees!
Kyk uit vir die naamlys in die Skuur waar jy jou naam en die dag waarop jy kan help, kan opskryf.
Dankie dat ons op jou kan staatmaak.
Die Kersmarkkomitee

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 9 Oktober**
Sr Engela v Rooyen

**Dinsdag, 11 Oktober**
Sr Vellize de Bruyn
Jbr Ruan Joubert
Jbr Rias Scholtz

**Woensdag, 12 Oktober**
Jbr Christiaan Crause
Sr Liekie Scheepers *
Sr Johanna Venter

**Donderdag, 13 Oktober**
Br Pieter Erasmus
Sr Mariana Plotz

**Saterdag, 15 Oktober**
Sr Naomi Pretorius

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## DANKBAARHEIDSFEES: SATERDAG, 22 OKTOBER

Een van die geheime van ‘n gelukkige lewe is dankbaarheid. Wanneer ons dit kan reg kry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. ‘n Vragie: begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak en sien ons die seën wat ons het, raak? Daar is soveel om voor dankbaar te wees! Kom ons vier dit as gemeente saam.

Hou die datum van <u>22 Oktober</u> so van 16:00 die middag af oop vir ons Dankbaarheidsfees. Dit is ‘n jaarlikse kuiergeleentheid wat ons Diakonie reël en wat jy nie wil misloop nie. Indien u op enige manier wil betrokke raak by die Dankbaarheidsfees, skenkings wil maak vir

die ete of hulp wil aanbied, kan u gerus vir Riaan van der Walt kontak by 082 784 9215.

**OOSDOPPERKAMP - vir gesinne met kleiner kinders**


Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie. Veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ouers se geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons beplan 'n kamp vir ouers en kinders en wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Koste: R200 per gesin vir die naweek
Daar is nog slegs 5 staanplekke beskikbaar.

Vir besprekings en navrae kontak Marlise (083 655 8145) of Anton (078 114 1757)

**ALMANAK 2023**




Skryf gerus u naam op die lys in die voorportaal van die Skuur vir 2023 se Almanak. R116 per eksemplaar.

## ALGEMENE INLIGTING

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Marlise Styger en groep 8, Christa van der Walt en groep 16, Jorette Erasmus en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA".

## KWARTAALPROGRAM

| VIERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| 11 Okt | Dinsdag | 18:00 | Bestuur | Sustersbestuursvergadering |
| **25 Okt** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok D** | **Potch-Oos Sustersafsluiting** |
| **29 Okt** | **Saterdag** | **10:00** | Bestuur /groepsusters/Diakonie | **Bejaardelidmate: afsluiting** |
| 3 Nov | Donderdag | 18:30 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 13 Nov | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| **20 Nov** | **Sondag** | **18:00** | **Bestuur en groepsusters** | **Kerssangdiens** |
| 24 Nov - 3 Des | Don - Sat | 07:00 tot 20:00 | Almal | Mooirivier Kersmark |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



"A baby is as pure as an angel and as fresh as a blooming flower" – D Mridha

**Pienkvoet 4D Sonars**

BELEEF JOU ONGEBORE BABA
IN 4 DIMENSIES

Maak 'n afspraak tussen
28 en 32 weke
Whatsapp of sms
071 423 4270

Wat 'n voorreg om, saam met ouers, na een van God se grootste wonderwerke te kan kyk, terwyl hul nog totaal beskermd in hul eie wonderwêreld verkeer.
– Monica



Vul die woorde in die blokkie hieronder op die regte plek in:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hemel | vergeef | Krag | bose | wil |
| U | naam | daaglikse | | versoeking |
| koninkryk | Ewigheid | aarde | woon | skuldenaars |

# Onse Vader



Ons Vader wat w______ in die Hemel,

Laat U n_______ geheilig word,

Laat U k_____________ kom,

Laat U w_____ geskied,

Soos in die h_________,

So ook op die a__________.

Gee ons vandag ons d______________ brood

En v____________ ons, ons skulde,

Net soos ons, ons s________________ vergewe.

Lei ons nie in die v_______________ nie,

Maar verlos ons van die b_______.

Want aan ___ behoort die

Koninkryk, die

K______, en die

Heerlikheid tot in E_____________!

AMEN

